HOOFSTUK

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Perde

Inhoud

4.1 DEFINISIE VAN PERDE 4
4.2 OUDERDOM VAN PERDE 4
4.3 KLASSIFIKASIE VAN PERDE EN RUSPERIODES 5
4.4 PASPOORTE EN REGISTRASIE VAN PERDE 8
4.5 TRANSPONDERS (MIKROSKYFIES) 13
4.6 MERK VAN PERDE 14
4.7 TOERUSTING VAN PERDE 15
4.8 HOEFBESLAG 15
4.9 GEDRAG VAN PERDE 16
4.10 HINGSTE EN DRAGTIGE MERRIES 16
4.11 MISHANDELING VAN PERDE 16
4.12 UITTEKEN VAN PERDE 17
4.13 DOOD VAN PERDE 17
4.14 IMMUNISASIE VAN PERDE 18
4.15 BEHANDELING VAN PERDE 18
4.16 BESTE VOORBEREIDE PERD 18
4.17 VERBODE MIDDELS 18

C2 General

HOOFSTUK 4: PERDE

REKORD VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 4

ARTIKEL	ONDERWERP	DATUM VAN WYSIGING
4.3.1.6	Nuwelingperdfase	Sep 2009
4.4.4	Korreksies in paspoorte	Sep 2009
4.4.9.2	Veranderinge aan beskrywing van perd	Sep 2009
4.4.13	Duplikaatpaspoorte	Sep 2009
4.2.1.1	Ouderdom van perde	Sep 2010
4.2.1.2	Ouderdom van perde	Sep 2010
4.3.1.3	Rusperiode vir nuwelingperde	Sep 2010
4.3.1.5	Inskrywing onder trapleerstelsel: Nuwelingperde	Sep 2010
4.4.1	Paspoorte (vereiste)	Sep 2010
4.4.2	Paspoorte (registrasie by ERASA)	Sep 2010
4.7.1	Hoefbeslag	Sep 2010
4.7.1.2	Deelname sonder hoefysters: Geskrap en vervang met nuwe 4.7.1.2	Sep 2010
4.7.1.3	Deelname sonder hoefysters	Sep 2010
4.3.1.7	Voltooiing van Nuwelingfase	Nov 2010
4.3.1.8	Databasis: Voltooiing van nuwelingfase: Geskrap	Nov 2010
4.4.8	Eienaarskap van perde	Nov 2010
4.4.8	Eienaarskap van perde	Apr 2011
4.4.8.3	Rekord van eienaarskap	6 Nov 2011
4.4.8.4	Eienaarskap – gedeelte van ou 4.4.8.3 oorgedra na 4.4.8.4	6 Nov 2011
4.4.14	Vol paspoorte	6 Nov 2011
4.4.16	Paspoortkontrole by ritte	6 Nov 2011
4.4.16.1	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.4.16.2	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.4.16.3	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.4.16.4	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.4.16.5	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.4.16.6	Oorgedra na Hoofstuk 8	6 Nov 2011
4.5	Mikroskyfies (nuwe artikel)	6 Nov 2011
4.5	Merk van perde – hernommer na 4.6	6 Nov 2011
4.6	Toerusting van perde – hernommer na 4.7	6 Nov 2011
4.7	Hoefbeslag – hernommer na 4.8	6 Nov 2011
4.8	Gedrag – hernommer na 4.9	6 Nov 2011
4.9	Hingste en dragtige merries – hernommer na 4.10	6 Nov 2011
4.10	Mishandeling van perd – hernommer na 4.11	6 Nov 2011

4.11	Uitteken van perde – hernommer na 4.12	6 Nov 2011
4.12	Dood van perde – hernommer na 4.13	6 Nov 2011
4.13	Immunisasie van perde – hernommer na 4.14	6 Nov 2011
4.14	Behandeling van perd – hernommer na 4.15	6 Nov 2011
4.15	Beste voorbereide perd – hernommer na 4.16	6 Nov 2011
4.16	Verbode middels – hernommer na 4.17	6 Nov 2011
4.7.2	Beskermende uitrusting	6 Nov 2011
4.8.1.4	Beslaan van perde wat sonder hoefysters begin het	6 Nov 2011
4.3.1.6	Nuwelingperde	16 Apr 2012
4.2	Ouderdom van perde	10 Mei 2013
4.3.1.3	Vervang met 4.3.5	10 Mei 2013
4.3.1.4	Vorige 4.3.1.4 is hernommer n a 4.3.5.1.4	10 Mei 2013
4.3.1.5	Ingesluit in die nuwe 4.3.1.4.1	10 Mei 2013
4.3.1.6	Ingesluit in die nuwe 4.3.1.4.2	10 Mei 2013
4.3.1.7	Hernommer na 4.3.1.5	10 Mei 2013
4.3.3	Vereistes om aan langer ritte deel te neem	10 Mei 2013
4.3.5	Verpligte rusperiodes	10 Mei 2013
4.3.1.5	Nuwelingsfase voltooi	15 Maart 2016
4.3.5	Verpligte rusperiodes	1 Augustus 2017
4.3.5	Verpligte rusperiodes	4 November 2017
4.3.5.2.1	Verpligte rusperiodes	28 Julie 2018
4.3.5.2.2	Verpligte rusperiodes	28 Julie 2018
4.3.1.4.1	Nuweling perde	21 Maart 2020
4.3.1.4.2	Nuweling perde – afstande	21 Maart 2020
4.3.1.4	Nuweling perde moet binne 24 maande nuwelingsfase voltooi vanaf eerste nuweling rit	24 Februarie 2019
4.3.1.5.1	Hernommer van 4.3.1.4.1 na **4.3.1.5.1**	20 Mei 2020
4.3.1.5.2	Hernommer van 4.3.1.4.2 na **4.3.1.5.2**	20 Mei 2020
4.3.1.5.3	Hernommer van 4.3.1.4.3 na **4.3.1.5.2**	20 Mei 2020
4.3.1.5.4	Hernommer van 4.3.1.5 na **4.3.1.5.2**	20 Mei 2020
4.4.17	Alle nuwe perde en of verandering van eienaarskap	25 September 2020
4.4.2.1	Nuweling perd – aansoek doen vir UV nommers sonder passport vir 2 x 40km alleenlik	25 September 2020
4.3.1.5.1 4.3.4.5.3	Twee paragrawe gekombineer	24 April 2021
4.3.4.5.4	Hernommer van 4.3.4.5.4 na 4.3.4.5.3	24 April 2021
4.3.1.5.3	Nuwelingsfase rusperiodes - 40km	7 May 2022
4.3.1.5.5	Nuwe reel – rusperiodes – nuweling perd 2de en enige agtervolgende 40km	7 November 2022
4.3.3.1	Rule change – CEN 2 ster	7 November 2022
4.3.1.5.6	Nuweling perd mag nie 2 x 40km ry op een dag nie	7 November 2022
4.3.5.1.5	Nuweling perd mag rug aan rug 40km ry maar nie rug aan rug 40km en 80km ry nie	13 April 2024

41 DEFINISIE VAN PERDE

4.1.1 Enige lid van die genus *Equus* en enige perderas mag aan uithouritte deelneem, mits die veeartspaneel van mening is dat die betrokke dier die afstand waarvoor ingeskryf is, sal kan voltooi. Verwysing na “perd” in hierdie reëlboek sal altyd alle ander lede van die genus *Equus* insluit.

42 OUDERDOM VAN PERDE

4.2.1 Die minimum ouderdom (op die dag van die betrokke rit) van perde vir deelname aan ritte wat onder ERASA reëls aangebied word, is soos volg:

4.2.1.1 Nie-kompetisie ritte van tot en met 99km: Vyf (5) jaar.

4.2.1.2 CEN 1-Ster en CEN 2-Ster kompetisies: Ses (6) jaar.

4.2.1.3 CEN 3-Ster kompetisies: Sewe (7) jaar.

4.2.1.4 Die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe: Ses (6) jaar.

4.2.2 Die ouderdom van die perd op die datum van die kompetisie waarvoor ingeskryf word, geld en moet bevestig word deur betroubare registrasiedokumente of die skriftelike opinie van ’n veearts, wat in die paspoort opgeteken moet word.

4.2.3 Indien enige twyfel bestaan oor die ouderdom van die perd sal dit van die ruiter vereis word om ’n geboorte- of registrasiesertifikaat in te dien waarop die ouderdom van die perd aangedui word. Indien so ’n geboortesertifikaat nie tydens die ritbyeenkoms beskikbaar gestel kan word nie, sal die opinie van die hoofveearts van die betrokke rit (gegrond op ’n inspeksie van die perd se tande) geld.

43 KLASSIFIKASIE VAN PERDE EN RUSPERIODES

4.3.1 Nuwelingperde.
Nuweling perde is alle perde wat nog nie die voorgeskrewe nuwelingfase voltooi het nie.

4.3.1.1 Nuwelingperde moet duidelik met ’n “N” op die boud (onder die ruiternommer) gemerk word, en die betrokke perd se veeartskaart moet ook met ’n “N” gemerk word.

4.3.1.2 Nuweling perde **MAG NIE** ‘n gemiddelde spoed van 16km per uur oorskry nie. Hierdie spoed geld ook vir perde sonder paspoorte (Dag ruiter perde)

Indien die gemiddelde werklike spoed oorskry word sal die perd en ruiter gediskwalifiseer word.

4.3.1.3 Verpligte rus vir nuwelingperde: Sien artikel 4.3.5.

***4.3.1.4 Nuweling perde moet nuwelingsfase binne ‘n tydperk van 24 maande vanaf eerste kwalifiserende rit voltooi*.**

4.3.1.5 Nuwelingfase.
Alle nuwelingperde moet onderstaande nuwelingfase voltooi voordat hulle na “uithouritperd” status bevorder kan word.

4.3.1.5.1 Nuweling perde moet begin deur 2 x 40km ritte suksesvol te voltooi, kyk rusperiode, sien artikel 4.3.5

4.3.1.5.2 Nuwelingperde moet **DAN** twee 80km ritte suksevol voltooi om as uithouritperd te kwalifiseer, kyk rusperiode, sien artikel 4.3.5

4.3.1.5.3 Wanneer nuwelingsfase voltooi is word die perd se rekords automaties op die ERASA databasis opgedateer.

4.3.2 Uithouritperde. Alle perde wat die nuwelingperdfase soos hierbo omskryf voltooi het, word geklassifiseer as uithouritperde.

C2 General

4.3.3 Vereistes om aan langer ritte deel te neem.

4.3.3.1 Ten einde vir ’n CEN 2 ster rit in te skryf moet die perd as ’n uithouritperd geklassifiseer word en **1 x CEN 1 ster sukkessvol voltooi**.

4.3.3.2 Ten einde vir ’n CEN 3 ster rit in te skryf moet ’n perd as ’n uithouritperd geklassifiseer word en reeds minstens een CEN 2 ster rit suksesvol voltooi het.

4.3.3.3 Sterstelselkwalifikasie vir perde is geldig vir ’n periode van vier-en-twintig (24) maande. Indien ’n perd gedurende die vier-en-twintig (24) maande nie vir ’n kompetisie op die volgende vlak suksesvol voltooi nie, moet die perd weer vir die huidige vlak kwalifiseer voordat ’n rit op die volgende vlak aangepak mag word.

4.3.4 Die ERASA gaan van die standpunt uit dat perde idealergewys geleidelik oor ’n tydperk van minstens drie (3) jaar voorberei moet word om mededingend op Kampioenskapsvlak aan uithouritte deel te neem.

4.3.5 Nadat ’n perd aan ’n uithourit deelgeneem het, moet die perd vir die onderstaande verpligte rusperiodes gerus word, alvorens die perd vir ’n volgende uithourit ingeskryf mag word (die rusperiode begin op middernag van die dag waarop die rit voltooi is, soos bepaal deur die maksimum toegelate rytyd van die rit, en eindig teen middernag van die dag voor die gepubliseerde vertrektyd van die volgende rit.

4.3.5.1 Nuwelingperde, afstand voltooi

4.3.5.1.1 Begin tot 40 km: Twaalf (12) dae (geld slegs by nie-voltooiing).

4.3.5.1.2 Meer as 40 tot 90 km: Twaalf dae (of die rit suksesvol voltooi was of nie).

4.3.5.1.3 Die twaalf (12) dae verpligte rus geld ook vir nuwelingperde wat:

- Deelneem aan twee rite van veertig (40) km op agtereenvolgende dae (sg. rug-teen-rug ritte)
- Deelneem aan die tweede 80km van die nuwelings fase, verwys na artikel 4.3.1.4.2 oor die nuwelings fase.

4.3.5.1.4 Indien 'n nuwelingperd geëlimineer was, ongeag die afstand wat voltooi was voor eliminasie, moet die perd vir minstens **TWAALF (12**) dae rus voordat die perd weer aan ’n rit (insluitende ritte van tot en met 40km) mag deelneem. Lees artikel 4.3.5.1.1

4.3.5.1.5 Nuweling perd mag rug aan rug 40km ry maar **NIE** rug aan rug 40km en 80km ry nie

4.3.5.1.6 Nuweling perd mag nie 2 x 40km ritte op een dag nie

.

4.3.5.2 Uithouritperde, afstand voltooi (oor enige aantal ritdae):

4.3.5.2.1 100 – 126 km: Negentien (19) dae

4.3.5.2.2 Meer as 126 km: Ses-en-twintig (26) dae.

4.3.5.3 Na onmiddellike indringende behandeling word die verpligte rusperiode verleng.

4.3.5.3.1 Indringende behandelings word gedefinieer as enige behandeling van ’n perd waar die vel deurgedring is, hetsy deur ’n naaldprik of insnyding of die plaas van enige instrument in of toedien van enige vreemde materiaal aan die liggaam. Uitsonderings tot hierdie reël is die toedien van elektroliete (deur die bek) of akupunktuur.

4.3.5.3.2 Enige metaboliese toestand wat gediagnoseer word by ’n perd wat ’n rit voltooi het of tydens die rit geëlimineer was wat, indien dit onbehandel gelaat was, die welsyn van die perd sou benadeel of bedreig het, word beskou as ’n toestand waarvoor onmiddellike indringende behandeling noodsaaklik was.

4.3.5.3.3 Indien ’n perd by die plek waar die rit aangebied was (of die perd die rit voltooi het of nie) gediagnoseer was met ’n metaboliese toestand waarvoor onmiddellike ingrypende behandeling noodsaaklik was, moet die perd vir ’n verpligte periode van sestig (60) dae gerus word voordat dit weer vir ’n uithourit ingeskryf mag word

4.3.5.3.4 Indien dieselfde perd weer by die eersvolgende rit, by die plek waar die rit aangebied was, met ’n metaboliese toestand waarvoor onmiddellike ingrypende behandeling noodsaaklik was gediagnoseer word (of die perd die rit voltooi het of nie), of vir ’n tweede keer binne drie maande so gediagnoseer word, moet die perd vir ’n verpligte periode van negentig (90) dae gerus word voordat dit weer vir ’n uithourit ingeskryf mag word.

4.3.5.3.5 Dit is die verantwoordelikheid van die hoofveearts en die behandelingsveearts om, vir elke individuele geval, die lys van behandelde perde aan die einde van die rit deur te gaan en elke geval te klassifiseer of dit:

- Onmiddellike ingrypende behandeling was, met die gevolglike verlengde verpligte rusperiode; of

C2 General

- Toegelate behandeling was (waarvoor die verlengde verpligte rusperiode nie toegepas word nie)

4.3.5.3.6 Die behandelingsveearts moet in die paspoort van elke perd waarvoor die verlengde verpligte rusperiode toegepas moet word, op die "Rekord van Deelname" bladsye, 'n inskrywing maak om aan te dui dat onmiddellike ingrypende behandeling aan die perd toegedien was en dat die perd vir 'n periode van 60 (90) dae na die rit waartydens die behandeling toegedien was, gerus moet word voordat dit weer vir 'n uithourit ingeskryf mag word. Die behandelingsveearts moet by hierdie inskrywing teken en sy stempel daar aanbring. Die hoofveearts moet ook hiervan melding maak in sy verslag.

4.4 PASPOORTE EN REGISTRASIE VAN PERDE

4.4.1 Om aan ritte van 41km en langer te mag deelneem, moet Suid Afrikaanse perde 'n SA Nasionale Perdesportfederasie of 'n erkende FEI paspoort hê. Paspoorte is nie nodig vir perde wat aan ritte van tot en met 40km deelneem nie. SA Nasionale Perdesportfederasiepaspoorte word uitgereik deur die ERASA volgens die prosedure en teen kostes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

4.4.2 Die paspoortkantoor hou 'n databasis (met al die besonderhede soos op die paspoortaansoekvorm) van alle perde wat by die ERASA geregistreer is by en reik 'n UV nommer aan elk van hierdie perde uit. Om te verseker dat die databasis volledig bygehou kan word, mag paspoorte slegs uitgereik word indien alle relevante besonderhede op die vorm ingevul is. Die UV nommer word ook op die perd se paspoort aangebring. Suid Afrikaanse perde wat nie by die ERASA geregistreer is (en wat dus nie 'n UV-nommer het nie), mag nie aan ritte van 41 km en langer deelneem nie.

4.4.2.1 'n Nuweling perd mag eerste 2 x 40km ry, voordat paspoort uitgereik in in die perd se met die volgende voorwaardes :

4.4.2.1.1 Perd moet geregistreer wees met ERASA, 'n UV nommer kry en registrasie fooi Betaal.

4.4.2.1.2 Perd moet mikro skyfie he

4.4.2.1.3 Perd moet 5 jaar en ouer wees

4.4.2.1.4 Sodra die perd 2 x 40km suksevol voltooi het sal die perd automaties on-aktief op die perde databsies wys

4.4.2.1.5 As passpoort uitgereik word in die perd se naam is, bewys gestuur na ERASA sal die perd aktief wees en mag langer afstande voltooi.

4.4.3 Indien 'n SA Nasionale Perdesportfederasiepaspoort by enige ander organisasie anders as die ERASA aangekoop is (insluitend perde wat vantevore aan ander perdesport-dissiplines deelgeneem en dus reeds paspoorte het), moet die perd en paspoort steeds by die ERASA geregistreer word. Dieselfde geld vir perde wat ingevoer is en wat 'n geldige paspoort (wat deur

die FEI erken word) het. Sulke paspoorte moet aan die paspoortkantoor gestuur word, saam met ’n voltooide ERASA paspoort-aansoekvorm (vir rekorddoeleindes) en bewys van betaling van die neer-gelegde fooi (soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal).

4.4.4 Onder geen omstandighede mag wysigings aan ’n paspoort aangebring word nie (deur bv. van korrigeervloeistof of soortgelyk gebruik te maak). Indien bewoordingsfoute gemaak is wat reggestel moet word:

4.4.4.1 Kan, indien daar voldoende plek is om die korrekte bewoording aan te bring, die verkeerde bewoording netjies doodgetrek word en die korrekte bewoording langs dit aangebring word. Die beampte wat die verandering aanbring, moet daarby teken en sy naam voluit langs sy handtekening skryf.

4.4.4.2 Indien daar nie plek is om die korrekte bewoording aan te bring nie, moet aansoek gedoen word vir ’n duplikaatpaspoort en moet die foutiewe paspoort, nadat al die inligting na die nuwe paspoort oorgedra is, aan die paspoortkantoor terugbesorg word, waar dit vernietig sal word. Kyk Artikel 4.4.13.

4.4.5 Afskrifte van die rekord van eienaarskapbladsy (nadat dit voltooi is) en die bladsye met die beskrywing van die perd (nadat dit deur die veearts voltooi is) moet aan die paspoortkantoor gestuur word om die paspoort geldig te maak. Hierdie rekords word gebruik wanneer daar enige dispuut oor die identifikasie van ’n spesifieke perd bestaan.

4.4.6 Paspoorte moet met die “ERASA” stempel op die volgende bladsye gestempel wees:

4.4.6.1 “Rekord van Eienaarskap” bladsy

4.4.6.2 Beskrywing van die perd (middelblad).

4.4.7 Paspoorte moet ook op die bladsy met die beskrywing van die perd, langs die “ERASA” stempel, deur ’n ERASA beampte onderteken wees.

4.4.8 Eienaarskap

4.4.8.1 Perde kan slegs by ERASA geregistreer, en ’n UV-nommer en paspoort kan slegs uitgereik word, indien die eienaar van die perd ’n lid van ERASA is. Die eienaars van perde wat aan uithouritte deelnmeen, moet altyd ‘n volopbetaalde lid van ERASA wees. Indien die perd die eiendom van ’n trust of regspersoon is, moet een van die trustees/lede van die regspersoon ’n lid van ERASA wees. In die geval van ‘n minderjarige ruiter moet die ouer/voog ‘n volopbetaalde lid van ERASA wees.

4.4.8.2 Sodra die eienaar die paspoort vanaf die ERASA ontvang het, moet die besonderhede op die betrokke bladsy (“Rekord van Eienaarskap”) aangeteken word.

C2 General

4.4.8.3 Wanneer ’n perd verkoop word, moet die verkoper die paspoort aan die nuwe eienaar oorhandig. Die nuwe eienaar moet die eienaarsinligting (“Rekord van Eienaarskap”) opdateer. Die verandering van eienaarskap moet dan per e-pos of faks aan die ERASA paspoortkantoor deurgegee word, waarna:

4.4.8.3.1 Die ERASA paspoortkantoor dan per e-pos of faks aan beide die nuwe eienaar en die President van die betrokke Unie (of sy aangestelde verteenwoordiger) sertifiseer dat die verandering van eienaarskap opgeteken is; en

4.4.8.3.2 By ontvangs van hierdie bevestiging moet die President van die Unie (of sy aangestelde verteenwoordiger) die “ERASA” stempel op die “Rekord van Eienaarskap” bladsy aanbring en daarby teken.

4.4.8.4 Sou die perd steeds nadat dit verkoop is vir uithouritte gebruik word, moet die nuwe eienaar ’n lid van ERASA wees.

4.4.9 Beskrywing van die perd

4.4.9.1 Die beskrywing van die perd in die paspoort (middelblad) moet deur ’n veearts (verkieslik ’n veearts wat gemoeid is met uithouritte) voltooi en onderteken word. Die perd moet teenwoordig wees wanneer die veearts hierdie beskrywing voltooi. Die riglyne soos neergelê in die handleiding rakende “Identification of Horses” (soos beskikbaar op die ERASA webtuiste) moet gevolg word.

4.4.9.2 Indien die beskrywing van die perd in die paspoort verkeerd gedoen is (soos aan die eienaar/ruiter deur ’n veearts uitgewys), moet dit reggestel word. Daar mag egter onder geen omstandighede van korrigeervloeistof gebruik gemaak word nie, en geen merke, littekens of kroontjies wat aangedui is, mag doodgetrek word nie.

4.4.9.2.1. In gevalle waar die identifikasie reggemaak kan word (deur bv. Kroontjies of littekens by te voeg), kan dit gedoen word. Die veearts wat die regstellings doen, moet egter die bladsy stempel, sy naam uitskryf en daarby teken. ’n Afskrif van die opgedateerde bladsy moet dan aan die paspoortkantoor gestuur word.

4.4.9.2.2 In gevalle waar die identifikasie nie reggemaak kan word nie, moet aansoek doen vir die uitreiking van ’n duplikaatpaspoort gedoen word (kyk Artikel 4.4.13). Die foutiewe paspoort moet, nadat al die tersaaklike inligting na die nuwe paspoort oorgedra is, aan die paspoortkantoor terugbesorg word, waar dit dan vernietig sal word. Los insetsels, of die vervanging van bladsye in die paspoort is nie aanvaarbaar nie.

4.4.9.3 Die beskrywing van die perd moet voltooi word voordat die perd aan ritte mag deelneem.

4.4.10 Rekord van Inenting. Perde moet ooreenkomstig die reëls van die ERASA teen sekere siektes geïmmuniseer word. Die perd se inentingsgeskiedenis moet in die paspoort aangeteken wees (kyk Hoofstuk 8).

4.4.11 Wanneer ’n perd doodgaan, moet die paspoortkantoor hiervan in kennis gestel word.

4.4.12 Verandering van die naam van ’n perd. Indien ’n nuwe eienaar die naam van sy/haar perd wil verander, geld die volgende:

4.4.12.1 Die paspoort moet aan die paspoortkantoor gestuur word.

4.4.12.2 Die paspoortkantoor sal die naamsverandering aanbring op die voorblad sowel as die identifikasiebladsy van die paspoort en dit sertifiseer deur daarby te teken en die ERASA stempel by die wysiging aan te bring. Die naamsverandering sal ook in die ERASA perdedatabasis opgeteken word.

4.4.13 Duplikaatpaspoorte

4.4.13.1 Indien ’n paspoort verlore gaan of sodanig beskadig raak dat dit nie langer gebruik kan word nie, of wanneer daar foute in die paspoort voorkom wat nie reggestel kan word nie (kyk ook artikel 4.4.4 en artikel 4.4.9.2) moet die eienaar van die perd om ’n duplikaatpaspoort aansoek doen. Hierdie paspoort sal met dieselfde paspoort- en UV nommer as die oorspronklike uitgereik en duidelik as “Duplikaat” gemerk word.

4.4.13.2 Die rekord van immunisasie:

4.4.13.2.1 Indien steeds leesbaar in die ou paspoort, moet die ou paspoort saam met die nuwe aan ’n veearts voorgelê word. Die veearts moet seker maak dat die inentings op datum is en volgens die reëls gedoen is. In die nuwe paspoort moet die veearts dan die volgende inskrywing maak (let op dat inskrywings slegs in Engels gedoen mag word):

“Immunisation in previous passport up to date and in accordance with the rules. Last vaccinations were on (followed by the dates, the type of vaccine and the batch number of the last entry in the old passport).”

Onder hierdie inskrywing moet alle nuwe/opvolgende inentings dan aangeteken word.

4.4.13.2.2 Indien die ou paspoort verlore is, of indien die rekord van immunisasie nie meer leesbaar is nie, kan dit deur die veearts wat gereeld na die perd omsien vanaf sy praktykrekords ingevul word. Indien sulke

C2 General

rekords nie beskikbaar is nie, word die perd hanteer asof dit nog nooit immuniseer was nie (en immunisasie moet van vooraf begin in ooreenstemming met die reëls, kyk Hoofstuk 8).

4.4.13.3 Die rekord van deelname:

4.4.13.3.1 Indien steeds leesbaar in die ou paspoort, moet die ou paspoort saam met die nuwe aan die klubsekretaresse voorgelê word. Die sekretaresse moet dit dan presies soos dit in die eerste paspoort staan oordra na die nuwe (met insluiting van diskwalifikasies en eliminasies) en teenoor elke inskrywing in die laaste kolom (waar die rit se stempel gewoonlik kom) teken. Op die eerste lyn na die laaste inskrywing wat oorgedra word moet die sekretaresse die volgende inskrywing maak (let op dat hierdie inskrywing slegs in Engels gedoen mag word):
"Record of participation transferred from previous passport and verified by (name)"

4.4.13.3.2 Indien dit nie meer beskikbaar is, of nie leesbaar is nie, kan die eienaar van die perd ’n uitdruk vanaf die ERASA databasis bekom en in die paspoort inplak.

4.4.13.4 In alle gevalle waar duplikaatpaspoorte uitgereik word, moet die rekord van eienaarskapbladsy deur die eienaar voltooi word, en moet die beskrywing van die perd weer deur ’n veearts voltooi word. Afskrifte van hierdie bladsye moet dan aan die paspoortkantoor gestuur word.

4.4.13.5 Indien die oorspronklike paspoort gevind word, moet beide paspoorte aan die paspoortkantoor teruggestuur word. Die paspoortkantoor sal dan verseker dat die oorspronklike paspoort opdateer word, en die duplikaatpaspoort sal vernietig word.

4.4.14 Wanneer die paspoort vol is (spesifiek die rekord van deelname bladsye):

4.4.14.1 Kan aansoek gedoen word vir ’n nuwe paspoort.

4.4.14.1.1 Hierdie paspoort sal uitgereik word met dieselfde “UV” nommer. Die ou paspoort moet saam met die nuwe aan ’n veearts voorgelê word. Die veearts moet seker maak dat die inentings op datum is en volgens die reëls gedoen is. In die nuwe paspoort moet die veearts dan die volgende inskrywing maak (let op dat inskrywings slegs in Engels gedoen mag word):

“Immunisation in previous passport up to date and in accordance with the rules. Last vaccinations were on (followed by the dates, the type of vaccine and the batch number of the last entry in the old passport).”

C2 General

Onder hierdie inskrywing moet alle nuwe/opvolgende inentings dan aangeteken word.

4.4.14.1.2 Die ruiter moet altyd die ou paspoort byderhand hou.

4.4.14.2 Kan die verantwoordelike persoon ’n ekstra bladsy tot die paspoort invoeg deur die “rekord van deelname” bladsy vanaf die ERASA webblad af te laai en uit te druk, en dit dan permanent bo aan die bestaande “rekord van deelname” bladsy in die paspoort vas te plak

4.4.14.3 Die ruiter moet altyd die ou paspoort byderhand hou

4.4.15 Vir internasionale deelname (buite Suider Afrika) moet perde oor ’n amptelike FEI paspoort beskik. Hierdie kan via die ERASA kantoor vanaf die nasionale perdesportfederasie bekom word.

4.4.16 Paspoortkontrole by ritte. Hierdie word volledig in Hoofstuk 8 (Veeartseny) bespreek.

4.4.17 Wanneer ’n nuwe perd of veranderding van eienaarskap geregistreer by ERASA sal die betrokke perd se besonderhede so gou as moontlik nadat die dokumente by die ERASA kantoor ingedien is, tot die databasis toegevoeg word. Om ritadministrasie te vergemaklik sal nuwe perde of verandering van eienaarskap slegs tot en met **MAANDAG MIDDAG om 14:00 t**ot die databasis toegevoeg word, sodat ritkomitees vanaf Donderdagoggend die ritinskrywings teen die databasis kan verifieer. Die perd kan aan ritte deelneem sodra die perd se besonderhede op die databasis verskyn.

45 TRANSPONDERS (MIKROSKYFIES)

4.5.1 Om perde positief identifiseerbaar te maak moet daar vir alle perde wat by ERASA geregistreer is teen nie later as 31 Mei 2012 ’n transponder (mikroskyfie) ingeplant word. Hierdie vervang nie die beskrywing in die paspoort nie, maar is aanvullend daartoe.

4.5.2 Hierdie identifikasiestelsel bestaan uit twee komponente, naamlik mikroskyfies (wat in die perd ingeplant word) en mikroskyfielesers (wat gebruik word om die mikroskyfie te lees nadat dit ingeplant is)

4.5.2.1 <u>Mikroskyfies</u>

4.5.2.1.1 Slegs mikroskyfies waarvan die kode vyftien (15) karakters bevat mag gebruik word, om so in te val by die internasionale standaard in die verband. Indien daar reeds voorheen ’n mikroskyfie ingeplant is waarvan die kode minder as vyftien (15) karakters bevat hoef ’n nuwe mikroskyfie nie ingeplant te word nie, onder voorwaarde dat die ou mikroskyfie deur die nuwe generasie lesers gelees kan word.

4.5.2.1.2 Die mikroskyfie word in die boonste helfte van die middelste derde van die perd se nek in die ligamentum nuchae (ongeveer 3cm onder die maanhare) ingeplant.

4.5.2.1.3 Nadat die skyfie ingeplant is moet die perd se nek geskandeer word om seker te maak dat die skyfie wel agtergebly het en gelees kan word.

4.5.2.1.4 Die mikroskyfienommer moet in die perd se paspoort op die middelblad (die bladsye met die diagram van die beskrywing van die perd). Dit moet verkieslik gedoen word deur een van die plakkers wat saam met die mikroskyfie verskaf word op die toepaslike plek in te plak. Dit word verder aanbeveel dat ’n soortgelyke plakker ook op die eerste bladsy van die paspoort ingeplak word om dit so makliker te maak om die mikroskyfienommer met die nommer op die plakker te vergelyk.

4.5.2.1.5 ’n Dokument met die perd se UV nommer, naam en die mikroskyfienommer moet na die ERASA paspoortkantoor gestuur word sodat die mikroskyfienommer tot die ERASA perdedatabasie bygevoeg kan word.

4.5.2.2 Mikroskyfielesers

4.5.2.2.1 Vanaf 01 Junie 2012 moet daar by alle ritte minstens een maar verkieslik twee mikroskyfie-lesers beskikbaar wees. Die ritkomitee moet hiervoor sorg.

4.5.2.2.2 Unies/klubs moet seker maak dat die leser wat aangekoop word al die verskillende verspreiders se mikroskyfies kan lees. Nie alle lesers kan alle mikroskyfies lees nie (al beweer die bemarkers soms dat dit wel die geval is).

4.5.3 Identifikasie van perde by ritte. Hierdie word volledig in Hoofstuk 8 (Veeartseny) bespreek.

46 MERK VAN PERDE

4.6.1 By alle ritte moet die ruiternommer duidelik aan weerskante op die boude van die perd aangebring word. Kyk ook die artikel oor nuwelingperde elders in hierdie hoofstuk.

47 TOERUSTING VAN PERDE

4.7.1 Saaltuiginspeksie. Dit is een van die pligte van die ritmeester om tydens ’n rit deur-lopend inspeksie te hou van die saaltuig wat deur die ruiters gebruik word. Die ritmeester moet ruiters opdrag gee om enige saaltuig wat nie goed pas nie en/of die perd kan beseer te verwyder of te vervang.

4.7.2 Gebruik van beskermende toerusting. Beskermende toerusting (soos aankapstewels, oortrapstewels, hoefstewels en soortgelyke toerusting) mag gebruik word. Indien die ruiter om een of ander rede ’n verband aan die perd wil aanbring en so daarmee wil ry moet die perd egter met die verband in posisie aan die hoofveearts getoon word. Indien die hoofveearts die gebruik van die verband goedkeur, moet dit so op die veeartskaart van die betrokke perd aangeteken word.

4.7.3 Gebruik van bykomstighede. Die gebruik van toerusting en bykomstighede soos bv. groot saalsakke, as deel van die saaltuig word ontmoedig. Indien dit wel gebruik word, moet dit van ’n humanitêre aard wees. Enige teken dat hierdie bykomstighede tot die perd se ongerief lei, sal tot diskwalifikasie lei. Dit is die verantwoordelikheid van die ritmeester om hierdie aspek te moniteer.

4.7.4 Die gebruik van toerusting wat die vrye beweging van die perd se kop belemmer word nie toegelaat nie.

4.7.5 Slegs gebitte wat deur erkende vervaardigers van perde-toerusting vervaardig is, en wat nie strydig is met diereregte en aanvaarde norme van dierewelsyn nie mag gebruik word. Geen tuisvervaardigde gebitte mag gebruik word nie.

48 HOEFBESLAG

4.8.1 Perde hoef nie beslaan te wees om aan uithouritte deel te neem nie.

4.8.1.1 Indien die perd beslaan is moet die hoewe en skoene van so ’n toestand wees dat dit deur die veeartspaneel as geskik vir die spesifieke kompetisie beskou word. Indien so ’n perd ’n hoefyster tussen kontrolepunte verloor mag die ruiter aanhou ry tot by die eersvolgende kontrolepunt waar die hoefyster vervang moet word (die hoefyster kan ook, met toestemming van die Ritmeester, op die baan vervang word). Indien dit nie vervang word nie sal die ruiter nie toegelaat word om voort te gaan nie. Tyd wat so verlore gaan sal nie voor gekompenseer word nie. Die perd mag egter aan die einde van die rit sonder een of meer skoene aan die veeartspaneel aangebied word vir ondersoek (m.a.w. skoene wat verloor op die laaste been van die rit hoef nie vervang te word nie).

4.8.1.2 Perde mag ook aan ritte deelneem indien hul slegs voor beslaan is.

4.8.1.3 Indien perde sonder hoefysters deelneem mag die perd wel met alternatiewe hoefbeskerming (insluitend maar nie beperk tot “Old Macs” en “Easy Boots”) toegerus word gedurende die rit.

4.8.1.4 Perde wat sonder hoefysters wegspring mag te enige tyd gedurende die rit beslaan word.

49 GEDRAG VAN PERDE

4.9.1 Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ruiter van ’n perd wat geneig is om te skop te identifiseer deur ’n rooi lint aan die perd se stert te bind. Die lint moet duidelik sigbaar wees op ’n afstand van tien (10) meter. Die ruiter en sy helpers moet die perd verder so hanteer dat dit nie ’n gevaar vir ander ruiters en perde inhou nie. Ander ruiters, helpers en beamptes moet egter ook so optree dat hulle nie ’n skop veroorsaak nie. ’n Perd wat beslis ’n gevaar vir ander deelnemers en perde is, kan deur die ritmeester deelname ontsê of aan ’n rit onttrek word.

4.9.2 Ruiters wat volgens die oordeel van die ritmeester nie sy/haar perd behoorlik kan hanteer nie mag verplig word om te onttrek of uit te tree.

410 HINGSTE EN DRAGTIGE MERRIES

4.10.1 Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ruiter om hingste te identifiseer deur ’n geel lint aan die hings se stert te bind. Die lint moet duidelik sigbaar wees op ’n afstand van tien (10) meter. Die ruiter en sy helpers moet die hings verder so hanteer dat dit nie ’n gevaar vir ander ruiters en perde inhou nie. Ander ruiters, helpers en beamptes moet egter ook so optree dat hulle nie ’n gevaarlike situasie veroorsaak nie.

4.10.2 ’n Hings wat beslis ’n gevaar vir ander deelnemers en perde is, kan deur die ritmeester deelname ontsê of aan ’n rit onttrek word.

4.10.3 Dragtige merries en merries met vullens wat nog nie gespeen is nie, mag nie aan uithouritte deelneem nie.

411 MISHANDELING VAN PERDE

4.11.1 Enige optrede wat na die mening van die ritmeester as wreedheid teenoor of mishandeling van perde beskou kan word, sal tot diskwalifikasie lei. Die betrokke ruiter/helper/persoon sal verder aan die dissiplinêre komitee gerapporteer word, wat verdere dissiplinêre optrede kan oorweeg.

4.12 UITTEKEN VAN PERDE

4.12.1 Alle perde moet, voordat hul van die terrein van ’n rit verwyder word, weer aan die veeartspaneel aangebied word vir ’n ondersoek. Hierdie word gedoen om te ver-seker dat die perd geskik is om vervoer te word.

4.12.2 Hierdie ondersoek word uitgevoer nadat daar 'n minimum van twee ure en 'n maksimum van drie ure verloop het sedert die perd die rit voltooi het of geëlimineer is, of sedert die ruiter uitgetree of gediskwalifiseer is, of die trapleer gestop het. Die hoofveearts van die betrokke rit kan, met inagneming van omstandighede, toestemming gee dat hiervan afgewyk word.

4.12.3 Die ruiter of verantwoordelike persoon moet die perd na die veeartsarea toe neem, en sy laaste tydkaartjie (as bewys van die tyd van voltooiing) aan die betrokke veearts oorhandig.

4.12.4 Die ritkomitee moet uittekenkaartjies aan die veeartspaneel beskikbaar stel wat vir hierdie doel gebruik moet word. Die veeartse sal die uittekenkaartjies by hulle hou en, nadat die perd ondersoek en geskik bevind is om die terrein te verlaat, die perd se besonderhede op die kaartjie invul, dit onderteken en aan die betrokke ruiter oorhandig.

4.12.5 Sou die veearts van mening wees dat die perd nie op daardie stadium geskik is om vervoer te word nie, moet die perd na die behandelingsveearts verwys word vir deeglike ondersoek en, indien nodig, behandeling.

4.12.6 Ruiterlogboeke en perdepaspoorte mag slegs na afloop van 'n rit aan die ruiter oorhandig word indien die ruiter 'n ingevulde en deur 'n lid van die veeartspaneel ondertekende, uittekenkaartjie inhandig.

4.13 DOOD VAN PERDE

4.13.1 Indien ’n perd gedurende ’n ritbyeenkoms doodgaan of van kant gemaak word moet die ritkomitee toesien dat die volgende dokumentasie by die ERASA sentrale kantoor ingedien word:

4.13.1.1 Die voorgeskrewe ERASA Vorm (Dood van Perd).

4.13.1.2 Die veeartskaart van die betrokke perd.

4.13.1.3 ’n Volledige skriftelike verslag deur die voorsitter van die klub of die voorsitter van die ritkomitee (t.o.v. klub- en unieritte), of die koördineerder van die nasionale kampioenskap (t.o.v. nasionale kampioenskappe) oor die aangeleentheid.

4.13.1.4 ’n Volledige skriftelike verslag deur die hoofveearts wat by die betrokke rit diens gedoen het. Hierdie verslag moet inligting rakende die weersomstandighede, rytoestande, detail rakende die ondersoek van die perd by alle kontrolepunte en enige ander toepaslike inligting bevat. Indien moontlik moet die bevindinge van die nadoodse ondersoek ook ingesluit word (indien dit eers later beskikbaar word, moet dit dan aan die ERASA sentrale kantoor versend word).

4.13.1.5 ’n Volledige skriftelike verslag deur die ruiter oor sy/haar indrukke van die voorval. Hierdie verslag moet agtergrondinligting rakende die spesifieke perd, die ruiter se indrukke oor wat gebeur het, die ruiter se reaksies op enige afwykende gedrag van die perd of inligting wat hy vanaf die veeartse by die kontrolepunte gekry het, en ook hoe hy/sy die veeartsoptrede ervaar het, insluit.

4.13.2 Die administratiewe beampte moet afskrifte van hierdie verslae na die Raadsveearts versend. Die Raadsveearts moet elke geval beoordeel en besluit oor verdere optrede. Indien hy/sy van mening is dat verdere optrede geregverdig is moet die aangeleentheid na die Dissiplinêre Komitee van die Raad verwys word.

414 IMMUNISASIE VAN PERDE

Kyk Hoofstuk 8

415 BEHANDELING VAN PERDE

Kyk Hoofstuk 9

416 BES VOORBEREIDE PERD

Kyk Hoofstuk 8

417 VERBODE MIDDELS

Kyk Hoofstuk 9